# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL VI. 17 AUGUSTUS 1951. No. 7.


# DIE ALABAMA VEROWER RHODESIE

## Gewaagde Onderneming Groot Sukses

### Toerleier Hou Nabetraging

**Dit is nogal ietwat moeilik om so 'n bietjie nabetragting te hou oor die Alabama-toer na Rhodesië omdat daar soveel oor te sê is, en mens wonder onwillekeurig waar om te begin en waar om te eindig.**

'n Toer wat maandelange voorbereiding geverg het en wat die verantwoordelike persone slapelose nagte besorg het by die gedagte aan 'n moontlike finansiële mislukking, in die ware sin van die woord. Gedagtes aan groot uitgawes, groot inkomste, groot winste, groot afstande en baie ontberings. Nogtans was dit 'n toer wat die Universiteit van Potchefstroom se naam oor die lengte en breedte van Suid- en Noord-Rhodesië tot diep in die Belgiese Kongo op 'n eervolle en waardige wyse uitgedra het.

**Die Alabama het ook vanjaar weer die waarheid van die spreekwoord ondervind dat goed goed begin half gewin is, want om op 'n plattelandse dorp soos Potgietersrust 'n hele £180 in te samel is 'n prestasie wat net Oom Rabbo en die wakker groep oud-studente van die P.U. kan behaal.**

Ja-nee Noord-Transvaal het ons goed behandel, en behalwe die klavier wat op Louis-Trichardt op Ferdi geval het, steek ons die grens oor sonder enige noemenswaardige ongeval.

Na die soete het die sure ook nie op hom laat wag nie want nadat ons oor die grens was maak ons toe kennis met die twee teerstrepe wat die breedgeskouerde Oom Lotter al sy dae agter die wiel van die Greyhound besorg, terwyl 'n oneindige boswêreld hom aan weerskante van die pad uitstrek. Eindelik bereik ons Lundi waar ons bietjie kon kennis maak met Rhodesiese koffie en bier.

Net jammer dat ons besoek aan die Zimbabwe-ruïnes en die Morgenster sendingstasie so skielik was, maar ons het hom toe en moes tevrede wees met 'n dag se besoek daaraan. Fort Victoria het ons gladnie te sleg behandel nie, en veral die massa-slaap in die booden-saal 'n paar myl buite die dorp by die gasvrye oom van Helsdingen is iets om te onthou, want deesdae ry ons saam, slaap saam, eet saam, speel saam en is saam bly oor die een vol saal na die ander.

Hierna is ons op pad na die afgeleë dorpie Chipinga, sonder ligte, sonder kleedkamers en amper sonder 'n verhoog, maar wat kan mens meer verwag as die ongekende gasvryheid van die tipiese klomp boere daar op die Oostelike grens van Rhodesië wat ons oorlaai het met biltong, tartjies en hulle gasvryheid.

Umtali met sy pragtige natuurskoon, Rusape met sy miljoenêrs, en boere wat in dubbelverdiepings woon, terwyl sommige lede van die orkes moontlike skoonfamilie daar raakgeloop het, sal baie daartoe (Vervolg op bladsy 3, kolom 3).

**VERLOWINGS**

**Ons hartlike gelukwense gaan aan Mnr. Schwelnuss wat hom aan Mej. van der Merwe van Boksburg, en mnr. S. Murray wat hom aan mej. C. Coetzee verloof het. Ons hoop die volgende stap volg spoedig.**

**Veelsgeluk.**

**Hiermee ons hartelike gelukwense aan professor A. P. Goosens met sy benoeming as Bestuurder van die gekombineerde Noordelie-Universiteite-rugbyspan wat teen Oxford-Cambridge sal optree.**

**Ook aan Piet Viljoen, wat plek gekry het in die span, veelsgeluk! Aan die baie ander Theos-manne wat ook verdien het om ingesluit te word, die Pukke voel saam met hulle spyt.**

## *UITSPAN!!*



Die hele geselskap van die Alabama-toer, afgeneem onderwyl die bus 'n bietjie „blaas."

## A.S.B. Stel Houding t.o.v. Party-Politieke Organisasies

**A.S.B. het 'n funksie wat nie deur partypolitieke organisasies vervul kan word nie. Uit hoofde van sy kultuurgrondslag beskou die A.S.B. dit noodwendig as sy plig om hom te beywer om in die Afrikaans-nasionale behoefte van sy lede te voorsien.**

Dit was die eenparige besluit van die A.S.B.-kongres t.o.v. party-politieke organisasies.

„Die Kongres is van mening dat die A.S.B. 'n funksie het wat nie deur party-politieke organisasies vervul kan word nie:

1) Omdat die A.S.B. op Afrikaanse kultuurgrondslae gebaseer is terwyl genoemde organisasies op partypolitieke grondslag gebaseer is en dus nie noodwendig verteenwoordigend van alle Afrikaanse studente met 'n Afrikaanse kultuuragtergrond is nie.

**Alhoewel die A.S.B. nie op partypolitieke grondslag gebaseer is nie, beskou die A.S.B. dit nogtans uit hoofde van sy kultuurgrondslag noodwendig as sy plig om hom te beywer om in die Afrikaans-nasionale behoeftes van sy lede te voorsien.**

As deel van sy breë kulturele taak beskou die A.S.B. dit as sy plig om hom in Staatkundige aangeleenthede te oriënteer en hom oor Staatkundige vraagstukke uit te spreek.

2) Omdat die A.S.B. uitsluitlik 'n organisasie vir studente is en dus meer bevoegd is om in die praktiese behoeftes van studente te voorsien.

Derhalwe besluit die Kongres dat indien enige partypolitieke organisasie die A.S.B. se samewerking verlang op sekere gebiede van die Afrikaans-nasionale belang, die A.S.B. dit sal oorweeg, om sy samewerking met betrekking tot 'n bepaalde saak /sake te gee."


**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**

**J. P. V.D. WALT,**
**L.F.V.**

**KERKSTRAAT 111**
**(Langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

# A.S.B. Besluit Oor Kontak Met Nie-Blanke Studente

## Omvattende Memorandum In Sig

**Die beginsel van apartheid is gehandhaaf in die beleidsuiteensetting van verlede jaar se Kongres, sowel as deur die besluit van die A.S.B.-Hoofbestuur vroeër vanjaar t.o.v. A.S.B. se verhouding m.b.t. nie-blanke studente, maar oor die wyse van kontak heers daar 'n mate van meningsverskil.**

Hierdie feite is op die derde kongres van die Afrikaanse Studentebond, wat van 25—29 Junie in Pretoria plaasgevind het, geopenbaar. Afgevaardigdes van die Universiteite Pretoria, die Witwatersrand, die Oranje Vrystaat, Potchefstroom en Stellenbosch en die Onderwyserskolleges van Pretoria en Potchefstroom het die kongres bygewoon.

Na bespreking deur die Kongres oor die beleid van die A.S.B. t.o.v. nie-blanke studente en nadat prinsipiële advies oor die apartheidsbeginsel deur 'n kommissie van die Kongres by die Eerste Minister ingewin is, het dit vir die Kongres duidelik geword:


. Dat algehele eenstemmigheid van die Kongres heers oor die volgende:

1. Dat die beginsel van apartheid gehandhaaf is in die beleidsuiteensetting van verlede jaar se Kongres, sowel as deur die besluit van die A.S.B. se verhouding m.b.t. nie-blanke studente.

2. Dat kontak van die A.S.B. met nie-blanke studente wenslik is wanneer 'n behoefte daaraan bestaan.

B. Dat daar 'n mate van meningsverskil bestaan oor die wyse waarop sodanige kontak moet geskied.

Die Kongres het toe besluit om hom op die stadium nie oor die praktiese uitvoering van sy beleid i.s. nie-blanke studente uit te spreek nie, hangende 'n omvattende memorandum wat deur die A.S.B.-Hoofbestuur in samewerking met die geaffilieerde studenterade uitgewerk sal word en op die volgende Kongres vir goedkeuring voorgelê sal word.



**Ds. en mev. Spoelstra wat as reis-ouers opgetree het tydens die pas-afgelope Alabama-toer.**

## *Van S.R.-Weë*

### Intervarsities.

Dit is vir die S.R. aangenaam om langs hierdie weg ons hartlike dank en gelukwense oor te bring aan diegene wat gehelp het om van die pasafgelope drie intervarsities 'n sukses te maak. Aan die spanne wat op Pretoria gewen het—ons hartlike gelukwense. **Die mooi gees waarin daar verbete gespeel is, word veral hoog geroem en ons wens die S.S.B. geluk met hulle reëlings.**

**SIMPATIEBETUIGINGS**
**Langs hierdie weg wil die Studenteraad en Studente hulle innige deelneming betuig aan mnr. Wessels met die afsterwe van sy moeder; en mnr. Mossie Engelbrecht wat 'n suster verloor het gedurende die afgelope vakansie. Mag Hy wat geneem het, u ook ryklik vertroos deur die Heilige Gees.**

Ons wil veral hier die **intervarsitie teen Oxford-Cambridge** uitsonder en die **Theos** gelukwens met hulle oorwinning. Dit is voorwaar 'n unieke prestasie wat deur die lengte en breedte van ons land weerklink het—soos iemand dit uitgedruk het: **die jongste Universiteit het die gekombineerde span van die twee oudste Universiteite in die Britse Ryk geklop!**

### Toneel en Alabama.

Voorlopig reeds wil ons langs hierdie weg die Toneelvereniging gelukwens met hulle tweede plek in die **inter-universitêre en A.S.B. toneelkompetisie** in Pretoria.

Die **Alabama** word gelukgewens met hulle geslaagde en baanbreker-toer deur die Rhodesieës. Mag hulle in hul doel slaag om **£1000 skoonprofyt vanjaar** tot die fondse van die Alma-mater by te dra.

B. SPOELSTRA.

## *Korrespondensie*

### Hoekom nou so snaaks?

Potchefstroom,
8 Augustus, 1951.

Geagte Redakteur,

Dit is in verband met die intervarsity teen Pretoria dat ek nou skryf. Ek bedoel die afgelope intervarsity, en om presies te wees, eintlik in verband met die gebeure vóór die intervarsity, wat nou ná die okasie nog altyd nadraaie het.

By hierdie saak is gevoelens betrokke, en dis seker daarom dat dit nie tot rus kan kom nie, en dit wil my voorkom of die gevoelens nie hier by ons gaande is nie, maar daar in Pretoria loop dinge nie mooi nie.

Ons ken almal die omstandighede van die mislukte poging om ons dirigent te ontvoer. Ons weet ook wat met die Pretorianers wat in ons hande geval het, gebeur het. Ons weet ook almal dat ons op Pretoria geleer het hoe om hare van 'n aspirant-ontvoerder af te skeer. Het ons manne dan nie verlede jaar ook kaalkop van U.P. af teruggekeer nie, en niemand hier het 'n bohaai daaroor gemaak nie.

Nou moet ons, of liewer, laat my sê „ek," nou het ek verneem dat daar Tukkies is, ek weet nie hoeveel nie, wat baie seer voel oor die behandeling wat ons aan die invallers uitgemeet het. Dit is dan maar net wat hulle ons manne ook aangedoen het! Ek vra nou, hoekom nou so snaaks?

Met agting, die uwe,

„KANNIE-VERSTAAN."

* * *

**„STUDENT AAN U.P."**—Regte naam en adres is nie verstrek nie.—Red.


# *Die Wapad.*

17 AUGUSTUS 1951.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

### REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.

**Adm. Voorsitter:** F. BOTHMA.

**Sub-Redakteurs:**
**Nuus:** C. J. MALAN.
**Kuns en Wetenskap:** J. H. BOOYENS .
**Sosiale Aangeleenthtde:** MEJ. B. KRUGER.
**Sport:** D. v.d. SPUY en MEJ. A. PRETORIUS.
**Varia:** W. J. J. VAN VUUREN.
**Fotografie:** F. BOTHA.
**Tegnies:** J. HERSELMAN en J. v. ROOY.


## KYK SO 'N SLAGGIE ROND!

Ons is nou alreeds taamlik ver op pad in die tweede helfte van die jaar. Dit is wel waar dat die skof wat nog voorlê in maande minder is as die eerste wat verby is, maar of dit in belangrikheid nie oortref nie, moet nog uitgemaak word, en die uitslag is by voorbaat al aan ons almal bekend. Ons is dus nou in 'n tyd wat vir ons van groot belang is, van belang, nie net omdat die jaar end se kant toe staan nie, maar ook omdat daar nou ook 'n tydperk verby is waarin ons 'n sekere plek in die samelewing ingeneem het, waaruit volg dat ons sekere inlrukke deur ons optrede nagelaat het, en dit is op hierdie indrukke wat ons getakseer word deur die buitewêreld.

Sonder om eers diep te dink word dit gou duidelik dat ons vernaamste skrif teenmekaar in verband staan met die studentelewe, in ons eie kring sowel as in die breëre universitêre kring. Aan die begin van die jaar het ons plek ingeneem saam met die ander universiteite, op baie gebiede, en dit is seker nie onvanpas om nou eers 'n bietjie rond te kyk wat ons uitgerig het op die inter-universitêre terrein nie.

Daar is die A.S.B. In hierdie vereniging het die afgelope tyd groot beroeringe plaasgevind. Met 'n P.U.K. student aan die stuur van die uniale A.S.B., was ons daarmee nou betrokke. Die oorwinning van die A.S.B. is daarom ook vir ons 'n triomf. Saam met die A.S.B. kan ons nou weer, opnuut oortuig van ons regte optrede, voortgaan.

Ook ons Studenteraad het die P.U.K. as Universiteit met welslae verdedig teen aanslae van buite, ons dink nou aan die geskil met die Normaalkollege, waaruit ons Studenteraad met vasberadenheid die eer van die Universiteit verdedig het, met sukses. Ons grawe nie ou koeie uit die sloot nie, ons is mos nou besig om ons optrede totsover na te gaan.

Op die gebied van sport het ons vanjaar teen gedugte teenstanders die stryd moes voer. Soms met skitterende welslae en soms nie. Ons kompetisie met ander universiteite kan ons as redelik geslaag beskou. Ons kompetisie in klub-sport insgelyks, behalwe waar daar hier en daar mislukkings voorgekom het.

Ons besit 'n toneelvereniging, en 'n studente-orkes, en nog verskeie ander kulturele en akademiese verenigings, wat almal aktief opgetree het en nog optree, en daarmee ook sukses behaal.

So wil dit nou regtig begin lyk asof ons vanjaar 'n ongekende voorspoedige jaar beleef, selfs asof die P.U.K. vanjaar niks verkeerd of swak kon doen nie. En dit is nou juis vir so 'n uitkyk op sake dat ons voor moet oppas. As mens sake rooskleurig wil voorstel, kan dit maklik ontaard in selfverheerliking. Die verkeerdheid van so 'n oor-optimistiese beskouing val juis in die oog wanneer mens n die herinnerinng bring die herhaalde oproepe op regte perspektief in ons nouer studentelewe; die beroepe op ons samewerking waar dit party van ons studente-aktiwiteite geraak het. Dit word dan duidelik dat daar nog baie ruimte vir verbetering bestaan, en dat die betreklike sukses wat ons op sommige gebiede behaal het, nie moet lei tot passiwiteit nie, maar as aansporing tot nog groter aksie.


**PRESIDENT KAFEE**
**Kerkstraat 70.**
* * *
vir die Beste
**LIGTE ETES**
**en**
**VERVERSINGS.**

**TX MODISTE**
Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!
Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke
**Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.**
*,Lottie' en Paryse Hoede*

**PARKER & CO.**
**(Pty.) Ltd.**
**GENERAL HARDWARE MERCHANTS**
**Phone 30, Potchefstroom. Box 245.**
Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.
**Workmanship Guaranteed!**
Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.

**J. N. J. Kritzinger**
FOTOGRAAF
ROYAL HOTEL-GEBOU,
**Kerkstraat 84, Telefoon 455, Potchefstroom.**
**AS U 'N FOTO WIL SKENK** kyk dan **EERS NA ONS FOTO'S**
(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).


Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

# TAAL-PIONIER GEHULDIG

# Nuwe Grafskif vir wyle Prof. Jan Lion Cachet deur Afrikaanse Skrywerskring

**Op Saterdag 11 Augustus is 'n nuwe grafskrif op die graf van wyle professor Jan Lion Cachet deur die Afrikaanse Skrywerskring onthul. As hoofspreker het opgetree professor C. M. van der Heever, die bekende Afrikaanse skrywer. 'n Boodskap van Totius is deur prof. S. du Toit voorgelees, terwyl mev. prof. Joon van Rooy, 'n dogter van prof. Cachet, die grafskrif amptelik onthul het.**

Wyle professor Cachet is gebore in Amsterdam op 29 November 1838 en oorlede op 21 September 1912 te Potchefstroom. Die doel van die vriendekring met die grafskrif was om aan die oorledene se nagedagtenis hulde te bring vir sy pionierswerk op die gebied van die Afrikaanse taalstryd.

Die verrigtinge is geopen deur ds. J. V. Coetzee met Skriflesing, waarna professor van den Heever aan die woord gekom het met die huldigingsrede.

### Huldigingsrede.

In sy huldigingsrede het prof. van den Heever daarop wegys dat ons volk wel deeglik sy groot staatsmanne en veldhere eer en huldig, maar dat daar tot op die huidige nog weinig gedoen is om aan die nagedagtenis van die kunstenaars van ons volg reg te laat geskied. Dit is nou die doel van die Afrikaanse Skrywerskring om 'n begin te maak met die oprigting van gedenktekens vir ontslape Afrikaanse skrywers. Spreker het verwys na gedenktekens wat reeds vir Jan Celliers, Gustav Preller, Eugene Marais e.a. opgerig is.

**Ware kultuurbewustheid is die enigste vrugbare bodem vir 'n bloeiende kultuurlewe by 'n volk. Voorts het prof. van den Heever na Totius verwys as 'n Godsgawe aan Potchefstroom, die volk en die Kerk, wat wel sy hoogleraar, prof. Cachet as kunstenaar oortref het, maar inspirasie kon put uit die werk van die pionier, waar laasgenoemde reeds ingesien het dat dit onmoontlik is om die Nasionale idee van die Taalstrewe sowel as die Godsdiens van 'n volk te skei. Spreker het verwys na die groot bewondering wat wyle Prof. Cachet vir die Nederlandse didaktiese digter Isaac da Costa gehad het, iets wat in sy Afrikaanse werke weerspieël is.**

Die Afrikaanse fynproewer sal, aldus prof. van den Heever, wel nie bevredig word deur die kuns van Jan Lion Cachet nie, maar vir die Afrikaanse Taalstryd is hy van onskatbare waarde. Ook toon die fyn waarnemingsvermoë van Professor Cachet dat hy op die regte pad was, soos ook deur die latere realiste, van Bruggen en van Melle, se werke bevestig was.

### Totius se Boodskap. Onthulling.

Die boodskap van die gevierde Volksdigter is voorgelees deur sy seun professor dr. S. du Toit. In die boodskap het Totius o.a. verklaar dat wat hom die meeste getref het in die lewe van sy ontslape hoogleraar, sy lewenswysheid en genialiteit was; dat hy in weerwil van sy skerp blik tog die goedheid self was. Volgens Totius is die enigste manier om werklik hulde aan die ontslapene te bring, die publikasie van die belangrikste geskrifte oor en deur hom.

Nadat Totius se boodskap afgelewer is, het die amptelike onthulling plaasgevind deur mev. prof. Joon van Rooy, 'n dogter van wyle professor. Cachet. Die grafskrif soos aangebring lui: „In die begin was die woord."

'n Bedanking namens die Cachetfamilie is daarna gedoen deur mnr. Frans Cachet, seun van prof. Cachet.



'n Massa-slaap gedurende die Alabama-toer.

(Vervolg van bladsy 1, kolom 2) bydra dat die Alabama miskien 'n tweede inval in Rhodesië sal waag.

Van Salisbury af het ons ietwat swaar gelewe want sewe opvoerings in ses dae is nie speletjies nie—veral as Que-Que so getrou is aan sy naam dat ons net £45 daar maak, terwyl ons moes opsnork sonder 'n klavier. Elke donker wolk het gelukkig 'n goue rand want Sinoia met sy onoortreflike gasvryheid, onthale en pragtige grotte het die toer weer die moeite werd gemaak.

Voorlopig was ons nou klaar met Suid-Rhodesië en nadat ons die Greyhound met 'n groot gesukkel oor die Chirundu-berge gestoot het, land ons in die hoofstad van Noord-Rhodesië. **Tot sovêr nog altyd stampvol sale en geesdriftige gehore maar wat sou ons toe op Ndola aantref.**

Dis 'n saal, dis die Alabama, dis ag-uur in die aand. Dis al. Ja-nee, hier gaan nou rêrig niks aan nie. Nouja, as almal dan wil mallemeule toe gaan, gaan ons ook, en vir die eerste keer in die geskiedenis van die Alabama vind 'n opvoering toe nie plaas nie by gebrek aan die nodige gehoor! Ons was nou in die koperstreek met sy ietwat losse lewenshouding, sowel op kroeë op Sondag, voetbalwedstryde Sondagmiddag, daarna 'n „sundowner" en ten slotte bietjie fliek op Sondag-aand.

Met sonsopgang steek ons die Kongo se grens oor op die 17de Julie en nou moet oom Lotter sy kop bymekaarhou want die Greyhound wil net al aan die linkerkant van die pad gaan loop. Ons word toe verwelkom deur 'n yslike leërmag begelei deur 'n blaasorkes. Maar ongelukkig was dit toe ter ere van die nuwe koning en ons kyk Elizabethville hierna rustig deur, waarna Oom Lotter vir die eerste keer in weke die Greyhound se neus suidwaarts draai, en ons begin nou sommer terugverlang Unie-toe.

**Na 'n vierdae lange reis van-af die Kongo bereik ons die Victoria-valle op Vrydagaand. Hulle wat bietjie romanties aangelê is het seker nogal van die toneeltjie daar gehou. Die onheilspellend donderende watermassa, die volmaan wat 'n pragtige nagtelike reënboog oor die valle tower en 'n trein wat stadig met sy verligte waens oor die brug gaan, was genoeg om enige mens in 'n goeie stemming te bring**

Sondagmôre word 'n kort diens op die walle van die Zambesie gehou deur die reisvader. Darem jammer dat ons so gou moet vertrek, want in die half-donker trek ons van Livingstone af weg. Nie vêr nie of ons maak kennis met iets wat na 'n brug vir voetgangers lyk. Aangesien dit die enigste brug in die omgewing is van 'n paar honderd myl sal ons seker met bus en al daaroor. Voetjie vir voetjie gaan dit. Dit krap en raas soos die bus se kante en wiele teen die effense sifdraad-traliewerk skuur. As jy by die venster uitkyk sien jy net water en niks van die brug nie,—afklim, eikôna, daar is niks. Maar Oom Lotter hou kop en eindelik is ons oor.

Van Bulawayo kon ons baie min te sien kry want direk na die opvoering is ons die nag daar weg op pad na Messina. Wat 'n gesig toe ons op Beitbrug die volgende oggend aanland. Sommige nog in hulle volle orkesmondering, deurmekaarhare, dowwe rooi oë en oor die algemeen in 'n taamlik betreurenswaardige toestand. Om ons lydensbeker te laat oorloop kom 'n bullebak van 'n vent daar in en wil net met alle geweld ons rys konfiskeer, en ek hoor nou nog ou Swannie in 'n fyn huilstemmetjie: „Maar het oom Spoelie dan nie ons rys verklaar nie?"

Hier was die Rhodesiese toer toe iets van die verlede, maar die herinneringe sal nog lank in ons geheue voortlewe.

### Bedanking.

**Graag wil ek al die Alabama-lede baie hartlik bedank vir u pligsgetroue samewerking en hulp gedurende die pas afgelope toer. 'n Spesiale woord van dank aan Oom Spoelie en gade sowel as aan Piet Venter, Wollie, Dawid en Charlotte. Ook aan die bestuur, wat gedurende die „organisasie-tydperk" hul heelhartige steun aan my verleen het my opregte dank.**

**J. H. BOOYENS,**
**Voors.)**

# DIE GROOT STROOPTOG

**Met eg-vroulke kennis van 'n man se swakpunt (sy broek) het 'n avontuurlustige groepie inwoners van die Berg van Skoonheid op die aand van 4 Augustus 1951 hul suksesvolle strooptog op die manlike vestings geloods. Die oes was groot. Hulle het vinnig en hard geslaan en die manne van al hul eer en glorie ontroof. (Hulle het hul slaapbroeke gesteel!)**

Min het die Muskitiers egter geweet dat daar nog vele avontuurlike toneeltjie hom sou afspeel voordat rus en vrede herstel is. Blykbaar baie jammer oor die groot skending van die manne se eergevoel, het hulle toe maar self weer die buit teruggesorg, nog betyds om was toe te gaan, en as vergoeding het hulle etlike botteltjies reukwater nuttig gebruik om die ou sakie 'n aangenamer geur te gee.

Volkome in hul eer herstel het die manne genoeg moed bymekaargeskraap om die magtige Bergvesting in te vaar en groot verwoesting te saai. Daar het sommige gesien hoe min hulle van die ou lewe weet. Hier is mos iets te sien!

As aandenking het hulle toe maar 'n klompie fietse saamgebring, nie wetende dat dit blykbaar die vroulike swakpunt is nie. Die een deputaat na die ander het hier aangeland om die manlike harte met trane en smeekbedes te probeer oorrompel maar sonder sukses. Alles het skipbreuk gely, sommige trotse vaarders op die heining.

(Vervolg op bladsy 4, kolom 4).

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

**Altyd eerste met die Jongste.**

**Foon 62.**

**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**



